

HOOFSTUK 5

INLEIDING

Wanneer 'n mens deur Fingoland ry, word 'n mens getref deur sy rustige landelike atmosfeer, sy digte bevolking nou reeds byna almal saamgetrek in klein woongebiede, sy verfrissende humiede klimaat, sy digte grasbedekking oor groot dele, sy groot veebevolking en sy lae produksie op landerye. En dit is veral hierdie laaste aspek wat 'n mens tref as die grootste anachronisme in hierdie gebied met sy klaarblyklige hoë landboupotensiaal. Dit is hierdie lae peil van ontwikkeling aan die eenkant en die groot belofte wat die gebied inhou aan die anderkant, wat 'n mens aanspoor om te soek na kennis en sleutelfaktore wat die ontwikkeling van die potensiaal moontlik sal maak.

In 'n vraag en antwoord studie wat deur skrywer by verskeie geleenthede met landboubeampies gedoen is, is sonder uitsondering, die probleme in verband met akkerbou as die grootste bewuste probleme van die Transkei gestel. In die studies is uitgegaan van die erkende beginsel in voorligting dat elke gemeenskap in staat is om sy eie probleme te identifiseer en dat hulle ook tot 'n baie groot mate die oplossings van die probleme self kan aandui. Dit het baie gou geblyk dat die landboubeampies van die Transkei, en soos later ook ondervind is, die boere van die Transkei ook hiertoe in staat is danksy die kennis wat 'n groot deel van die manlike bevolking opgedoen het, terwyl hulle arbeiders op blanke plase was of waar hulle ook kontak met blanke landbou en moderne landboumetodes oorkant die Keirivier gemaak het. Hierdie tegniek van ope vraag en antwoord is een wat met groot sukses in die Verenigde State van Amerika toegepas word en selfs produksiekostestudies word op hierdie wyse gedoen. Daar is bevind dat, deur 'n paar vooraanstaande boere bymekaar te bring en aan hulle te vra wat die algemene opinie van die mense in hulle omgewing is, baie betroubare resultate tot gevolg het.

Hoewel verskillende groepe landboubeampies in 'n klein mate verskil het in die plasing in rangorde van die probleme, het almal dieselfde probleme genoem en hulle min of meer in die volgende orde geplaas:

1. Armoede.
2. Droogte.
3. Klein ploeglande.
4. Lae opbrengste op ploeglande.
5. Swak saad.
6. Swak bemesting/...

6. Swak bemesting.
7. Onvoldoende trekkrags.
8. Lae kalfpersentasie.

Uit hierdie ranglys is dit duidelik dat swak akkerboukundige prestasies as die grootste probleem beskryf word. Die droogte, klein ploeglande, swak bemesting - hoofsaaklik eensydige superfosfaatbemesting, sowel as baie lae peil van kunsmisaanwending, swak saad - hoofsaaklik self geproduseer en onvoldoende trekkrags, het alles betrekking op die lae opbrengste op ploeglande. Hoewel daar genoeg trekvee in Fingoland is, is die kondisie van meeste van die vee met ploegtyd so swak dat grondbewerking nie vinnig genoeg en behoorlik gedoen kan word nie. In geen geval is enige veekundige probleem hoër as agste op die ranglys geplaas nie, wat daarop dui dat die mense self nie veekundige probleme as van die belangrikste beskou nie.

As oplossings vir probleme waaroor die mens beheer het, word onder andere deur die landboubeampies in orde van belangrikheid voorgestel:

1. Meer grond vir verbouing van gewasse.
2. Beskikbaarmaking van trekkers.
3. Beskikbaarmaking van beter saad.
4. Beter bemestingstowwe.
5. Kredietfasiliteite.

Dit is duidelik dat die belangrikste vereiste vir die modernisering van die landbou hier geïdentifiseer is. Deur stelselmatige ondervraging van boere oor die jare, is die belangrikheid van hierdie probleme met die voorgestelde oplossings bevestig. Omdat hierdie probleme deur die gemeenskap self geïdentifiseer is en die oplossings deur hulleself aangedui is, kan dit aanvaar word dat hierdie verbeterde tegnieke deur die gemeenskap aanvaar en toegepas sal word, mits die nuwe tegnieke binne redelike bereik van die mense gebring word en die koste nie te hoog is nie. Dit is self te verstane dat tekortkomings van die mens self nie hier na vore kom nie, omdat geen gemeenskap as sulks sy eie tekortkominge insien nie. Selfs al is dit ook duidelik volgens die ontledings en besprekings in die voorafgaande twee hoofstukke dat die grootste knelpunte in die ontwikkeling van die landbou in die tekortkominge van die menslike element geleë is, volg dit nie as vanselfsprekend dat verandering van die mens en 'n uitskakeling van sy swakhede die eerste vereiste in 'n ontwikkelingsprogram is nie.

In enige/...

In enige ontwikkelingsprogram is dit van belang dat die volgende belangrike voorligtingsbeginsels streng toegepas sal word, naamlik:

(a) Identifiseer die gemeenskap. Hiermee word bedoel dat die gemeenskap waarmee gewerk moet word, hulself as 'n eenheid beskou. So 'n eenheid mag verskillende vorme aanneem in 'n blanke gemeenskap, maar in 'n bantoe gemeenskap vind dit byna sonder uitsondering uitdrukking in die stamgesag op een of ander vlak. In die tradisionele gebiede sal dit insluit mense onder gesag van 'n opperhoof, of 'n kaptein of hoofman of familiehoof of gesinshoof. Die Fingo's van Fingoland is so 'n homogene groep wat verder ook bekend is vir hulle progressiewe denke. Die kans dat die bevindinge in hierdie studie dus aanvaar en toegepas sal word, is besonder goed.

(b) Begin met die mense soos hulle is. Volgens hierdie beginsel is dit verkeerd om as eerste vereiste te stel die verandering of soos dit soms gestel word, die ontwikkeling van mense. Geen mens laat toe dat met sy waardes doelbewus gepeuter word nie. Ontwikkeling van die mens is uiteraard selfontwikkeling; 'n reaksie op die prikkels waaraan jy van jongs af en deur die hele lewe blootgestel is. Die mens is basies 'n produk van sy agtergrond en sy omgewing. Die agtergrond kan nie verander word nie, maar die omgewing wel. Deur 'n persoon te verwyder van sy tradisionele omgewing en hom te plaas in 'n ander omgewing met 'n baie vinniger tempo, verander sy waardes en aanvaar hy nuwe idees en tenieke veel gouer. Deur 'n persoon te hou in dieselfde tradisionele omgewing, maar die omgewing te verander deur industrialisasie of modernisering van die landbou, plaas so 'n persoon in 'n posisie dat hy aanpassings moet maak. Hy is in 'n geforseerde aksie-situasie en veranderings in sy waardesisteen geskied veel gouer as deur enige ander direkte metode van bearbeiding.

(c) Begin by die grootste bewuste behoefte van die mense.

Dit is belangrik dat begin moet word met die probleme soos geïdentifiseer deur die gemeenskap, selfs al is dit miskien nie die grootste probleme van die gemeenskap nie.

Waar die blanke voortgedryf word hoofsaaklik deur 'n vrees vir mislukking, word die bantoe hoofsaaklik voortgedryf deur behoeftebevrediging. Enige aktiwiteit wat daarop ingestel is om nie sy behoefte te bevredig nie, laat hom koud. Hy sal dus ook nie deelneem aan enige ontwikkelingsprogram wat nie direk afstuur op die oplossing van sy bewuste probleme nie. So 'n program sal dus ook nie in Fingoland kan slaag as dit nie ten doel het om die probleme, soos hierbo gestel, op te los nie.

Die beginsel geld/...

Die beginsel geld hier dat probeer moet word om die mense deur die oplossing van bewuste probleme geleidelik te lei van die bewuste na die onbewuste probleem.

(d) Die mense moet betrek word by 'n ontwikkelingsprogram. Enige ontwikkeling het alleen sin en kan alleen blywend wees as dit deur die mense self gedoen word. Dit beteken nie dat bedryfsleiers saam met kapitaal en tegnieke, nie in die begin ingebring kan word nie, maar die uitgangspunt moet wees maksimale deelname deur die gemeenskap.

Enige studie wat beplan word en wat ten doel het die ontwikkeling van die potensiaal, moet dus daarop ingestel wees om ook alle ontbrekende inligting omtrent die bewuste probleme van die mense te bekom. So ook moet in enige ontwikkelingsplan wat opgestel word, rekening gehou word met die voorgestelde oplossings vir die bewuste probleme. Of dit altyd moontlik is om oplossings te vind vir probleme, is nie van soveel belang vir die Bantoe nie, maar daar moet beslis probeer word om hierdie oplossings te vind.

Waar Fingoland as gevolg van sy gronde en klimaat klaarblyklik oor 'n hoë landboupotensiaal, veral op akkerboukundige gebied, beskik en die probleme soos deur die gemeenskap geïdentifiseer, rondom die landbou en veral die akkerbou sentreer, is dit dus van belang dat 'n diepgaande studie gemaak word van die produksiemoontlikhede van die gebied.

Die produksiemoontlikhede van enige spesifieke gebied wat op enige tydstip heers, kan gedefinieer word as 'n funksie van die grond, arbeid, kapitaal, bestuur en klimaat. Klimaat word weer deur Agenbach¹⁾ beskryf as 'n interaksie tussen baie verskillende faktore soos wind, temperatuur, reënval, voggehalte, bewolktheid, ens.

Waar produksiemoontlikhede bepaal word deur fisiese en biologiese faktore, word die potensiaal van 'n gebied ten opsigte van die verbouing van 'n gewas, beskryf as die fisiese verhouding wat daar bestaan tussen die grond en klimaat wat in die betrokke gebied heers. Vir die doel van die bepaling van potensiaal van elke homogene gebied, sal in hierdie studie dus slegs die grond en die klimaat in aanmerking geneem word. Onder hierdie gegewe potensiaal toestande, is produksie of uitset van 'n gewas/...

1) Agenbach, D.J., "Die voorligtingswyk Vredendal - 'n Studie in landboupotensiaal". Universiteit van Pretoria. 1966. D.Agric. (Inst. Agrar) proefskrif.

van 'n gewas 'n funksie van arbeid, kapitaal, bestuur en tegnologie of soos dit soms gestel word, 'n funksie slegs van die insetkapitaal waar kapitaal insluit menskapitaal en tegnologie.

Allereers sal 'n ontleding gemaak word van die klimaat wat in die gebied heers en die verskillende aspekte van klimaat sal ook vergelyk word met ooreenstemmende aspekte wat oor die mieliedriehoek geld. Daar sal ook probeer word om aan te dui in watter opsigte daar ooreenstemming en ook verskille tussen Fingoland en die mieliedriehoek is en sal die invloed wat hierdie verskillende aspekte op die produksievermoë van die gronde het, deur subjektiewe beredenering ge-evalueer word. In hierdie verband sal veral verwys word na mielies, omdat mielies die vernaamste akkerbou-gewas is van beide die mieliedriehoek en van Fingoland.

Die gronde van die Fingoland-gebied sal hoofsaaklik beoordeel word op grond van daardie morfologiese eienskappe wat 'n invloed op wortelontwikkeling en waterhouvermoë van die grond het. Grond is 'n funksie van 'n verskeidenheid van faktore, die belangrikste waarvan is die klimatologiese omstandighede wat heers of geheers het in die gebied tydens grondvorming en die oorsprong van die grond. Met oorsprong word bedoel die moedergesteente waaruit die grond afkomstig is, of die gebied vanwaar die grond gedra is in die geval van kolloviale en alluviale gronde. Die fisiese eienskappe van die grond wat 'n limiet stel op die produksievermoë van die grond, word dus nie bepaal deur een enkele faktor nie, maar deur die wisselwerking van al die faktore wat tydens grondvorming geheers het. Deur 'n beoordeling van die fisiese eienskappe en met inagneming van klimatologiese toestande, kan die potensiaal van die gebied bepaal word. Die studie sal dus insluit die klassifikasie van die gronde volgens hul prestasievermoë onder spesifieke klimatologiese omstandighede op so 'n wyse dat boerderybeplanning op groot skaal moontlik is. Vir hierdie doel sal die gebied ingedeel word volgens streke met 'n min of meer homogene landboupotensiaal, beoordeel volgens fisiese faktore alleen.
